Nr. 299 en Rietfontein Nr. 24.

Pritchard het slegs 'n kort tydjie besitter van Bryn Tirion gebly, want in 1895, toe hy in Kaapstad woonagtig was, het hy die hele 21 morg deur 'n verteenwoordiger op Pretoria teen R960 laat verkoop.

Die nuwe eienaar van Bryn Tirion, mev. H. S. Johnston, het die terrein in 1902 vir R36,000 aan die toenmalige Transvaalse owerheid verkoop. Op dié wyse het die grootste deel van die hedendaagse woonbuurt van die Eerste Minister, lede van die Kabinet en die agtereenvolgende Administrateurs van die provinsie Transvaal regeringseiendom geword.

Bryn Tirion word Bryntirion

Reeds tydens die krygsverrigtings van 1899-1902 het Pretoria, nadat dit in Junie 1900 onder Britse beheer gekom het, tot 'n belangrike administratiewe sentrum begin ontwikkel. Regeringsgeboue was daar voorlopig voldoende, maar dit het aan passende wonings vir hooggeplaaste amptenare van die nuwe bewind ontbreek. Om hierdie ongewenste toestand te verbeter, is allereers pogings aangewend om bouterrein in Pretoria te bekom. Op dié wyse is die ou Bryn Tirion aangekoop (1902) en is terselfdertyd gepoog om in dieselfde omgewing meer grond in besit te kry. Terwyl kol. G. H. Fowke vir die amptelike behuisingskema van Pretoria verantwoordelik was, het sekretaris W. E. Davidson hom veral beywer om, soos hy dit genoem het, „undoubtedly the finest building site in Pretoria" te laat aankoop. En met hierdie bouterrein het hy daardie gedeelte van Pretoria in gedagte gehad wat tussen die hedendaagse Uniegebou en die ampswoning van die Staatspresident lê.

Die regering het nou begin aankoop en in 1907 is die hedendaagse Bryntirion op die landmeterskaarte aangebring as bestaande uit gedeeltes van die drie genoemde plase.

Reeds voordat daardie gedeelte van die beoogde terrein regeringsbesit geword het, het kol. Fowke al met die uitvoering van sy planne begin en het daar, na Augustus 1903, 'n sestal amptenaarswonings op die „Bryntirion Estate" begin verrys. In die loop van die volgende jare is meer ampswonings op die terrein gebou, wonings wat vandag nog herkenbaar is ten spyte daarvan dat hulle vergroot, verander of gemoderniseer is.

Die pragtige nuwe woning van die Administrateur van Transvaal, mnr. Simon Bekker, wat pas voltooiing bereik het. Die huis is van die voorkant geneem.

Burgemeestersvrou mnr. en mevr. H. W. Dely en die opbrings sal gaan tot stywing van die fondse van die tak Pretoria-Oos van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie.

Die volgende spelers neem deel: Isabel de Waal, Helene Guldenpfennig, Napier de Bruyn, Piet du Toit, Dora Hauptfleisch, Abe Hauptfleisch, Frank Fleck, Piet Janecke, mnr. Morkel en Leonie Pienaar. Plekbespreking vind plaas by Dippenaar en Reinecke te Pretoriusstraat 241 en kaartjies is verkrybaar teen 2/6.

Dit is onnodig om uit te wei oor die meriete van die stuk en in die bekwame hande van Leonie Pienaar is die sukses daarvan verseker. Die opvoering sal seker deur honderde hoofstedelinge tegemoet gesien word.

—:—

Die nuwe Administrateurswoning. In die afgelope week het ons op uitnodiging van die Administrateursvrou mevr. S. P. Bekker 'n koppie oggendtee by die nuwe Administrateurswoning geniet.

Terwyl ons daar was, het mnr. George Klerck sekretaris van die Goewerneur-Generaal sir Patrick Duncan) mevr. Klerck en hulle seun Jan ook hulle opwagting gemaak. Mevr. Bekker was baie opgenome met die pragtige ruiker Protea wat mevr. Klerck vir haar meegebring het.

Die Administrateurswoning is volgens die ou Kaapse trant gebou en is geleë in Brynterion. Die Provinsiale Argitek mnr. P. Dey is verantwoordelik vir die oprigting daarvan. Die huis is pragtig ingerig en gemeubileer deur mevr. Bekker en veral die groot ontvangkamer met sy ligte mure en sagte groen tapyt laat 'n verfrissende indruk. 'n Ruim agterstoep vang die oggendson op en hier het ons derhalwe die grootste gedeelte van die oggend deurgebring.

—:—

Die Hospitaalbal. Reëling vir die Hospitaalbal wat op 3 Desember in die Stadsaal gehou word vorder fluks en die volgende

mnr. Albertus Visser, van Klerksdorp, jongste seun van mnr. en mevr. A. Visser, van Zandvoortbad, Holland.

Die bruid was sjarmant geklee in 'n wit tabberd van engelehaar met 'n lang sleep. Die bruid se sluier is op die hoof gehou met 'n krans van glinstersteentjies, terwyl 'n ruiker van wit angeliere haar uitrusting voltooi het. As strooimeisies het opgetree mej. Amy Bekker en mej. Annie Dienaar (suster van die bruid) wat daar elegant uitgesien het in hul tabberds van roomkleurige elogne met hoofdeksels van dieselfde kleur en 'n ruiker van rooskleurige angeliere.

Mnre. Willem en Cornelis Dienaar (broers van die Bruid) het die pligte van strooijonker verrul, terwyl die gaste deur die ouers van die bruid en mnr. A. J. Prinsloo ontvang is.

'n Swart tabberd met silwer afgewerk en 'n traai swart hoedjie is deur die moeder van die bruid gedra, terwyl 'n ruiker van rooi angeliere haar toerusting afgerond het.

Die resepsie is in die Nasionale Klub gehou waar 'n groot aantal vriende die middag en aand onthaal is.

Die heildronk op die bruidspaar is deur mnr. C. Dienaar ingestel, terwyl mnr. van Twisk die heildronk op die ouers en ook die op mnr. en mevr. Dienaar by geleentheid van hul silwerbruilof ingestel het.

Bo: Een van die oudste koerantberigte oor *Over-Vaal*. Die berig het oorspronklik in die plaaslike koerant *Die Volkstem* verskyn en dateer uit 1937

Onder: Die oostelike vleuel van die Uniegebou in aanbou. Die foto is op 14 Junie 1911 van die agterkant van die gebou geneem